Gauteng Onderwysdepartement

# Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

2021-04-14

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN APRIL 2021

### SKOOL SLUIT – MNR GERICKE

'n Kwartaal vol opwinding, prestasies en harde werk het verby gevlieg in 'n oogwink. Dankie aan al ons positiewe ouers, hardwerkende kinders en personeel vir 'n wonderlike kwartaal. Laerskool Elspark is werklik trots op julle almal en dankbaar vir elkeen se insette. Geniet die kort vakansie, reis veilig en pas julself op. Laerskool Elspark het u almal nodig.

Skool sluit: 23 April 2021 om 10:00
Skool heropen: 3 Mei 2021 om 07:30

### NASKOOL – ME McKENZIE

Die Naskoolsentrum is oop gedurende die vakansie vanaf 07:00 tot 17:30. Wees asb. betyds in die middae. Alle speelgoed en selfone word op eie risiko saamgestuur.

Snoepie sal beskikbaar wees. Merk asb. u kind se klere.

***Neem asb. kennis dat die Naskoolsentrum gesluit sal wees op die volgende dae:***

***Maandag, 26 April:*** ***Skoolvakansiedag***
***Dinsdag, 27 April:*** ***Vryheidsdag***

### RAPPORTE EN OUERAAND

Die leerlinge (Gr 1 – 7) sal op Donderdag, 22 April 2021 hulle rapporte ontvang tydens die laaste periode van die skooldag.

As gevolg van Covid regulasies sal daar ongelukkig geen Oueraand plaasvind die kwartaal nie. U moet egter met die personeel kommunikeer d.m.v. e-pos indien u enige navrae het.

'n Volledige lys van personeel se e-pos adresse is aangeheg aan die omsendbrief.

***SKOOLGELDE VIR 2021 – MNR GERICKE***

Soos u weet het ons skooljaar nie begin soos dit beplan was nie en glo ons dat dit in die toekoms beter sal gaan. Ons wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê aan elke ouer wat getrou u verpligtinge nakom.

Hiermee wil ons net onder u aandag bring dat die skoolgelde vir 2021 steeds verpligtend is in terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse skolewet. In terme van Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse skolewet kan die skool die verpligte skoolgelde afdwing.

Skoolgelde was reeds betaalbaar vir Januarie, Februarie, Maart en April 2021.
***Skoolgeld word bepaal as 'n jaarlikse bedrag wat betaalbaar is oor 12 maande vir u gerief.***

**Ons doen hiermee 'n beroep op u as ouer om asseblief hierdie verpligting t.o.v. die skoolgelde streng na te kom.** Indien u enige navrae het kontak gerus vir Sonja Fourie by sonja@Iselspark.co.za

| SKOOLGELDBETALING 2021 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **ITEM** | | **BEDRAG PER MAAND** | **BETALINGSTYDPERK** | **BEDRAG VIR 2021** |
| 1 | **Skoolgeld vir enkelkind** | **1 440** | **12 Maande** | **17 280** |
| 2 | **Skoolgeld vir tweede kind** | **1 440 (2 880)** | **12 Maande** | **17 280** |
| 3 | **Skoolgeld vir derde kind** | **577 (3 457)** | **12 Maande** | **6 924** |
| **Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand.<br>April se skoolgelde was reeds betaalbaar.** | | | | |
| 4 | **Naskoolgeld per kind** | **1 000** | **11 Maande** | **11 000** |
| **Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand.<br>April se gelde was reeds betaalbaar.<br>Geen subsidie word toegestaan nie.** | | | | |
| 5 | **Kleuterskoolgeld per kind** | **1 560** | **12 Maande** | **18 720** |
| **Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand.<br>April se gelde was reeds betaalbaar.<br>Geen subsidie word toegestaan nie.<br>Geen korting soos in geval van groot skool** | | | | |

***Uitstaande gelde!!!***

***Daar is ouers wat baie agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde is reeds betaalbaar en word nou oorhandig. Kontak asb. Me Fourie om 'n reëling te tref om gelde op datum te bring.***

***Bankbesonderhede:***
***ABSA Bank***
***Tjekrekening no: 230 301 360***
***Takkode: 632005***
***Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad***

**Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark Ceebee Debt Collectors gebruik om al die oorhandigings te hanteer. Dringende betaling word verlang op agterstallige rekeninge om oorhandiging te vermy.**

***Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!***

**NB! Epos asb. bewys van betaling met uiteensetting ten opsigte van betaling na riekie@lselspark.co.za. Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansies kantoor.**

## SPEL EN BORG - ME LOURENS

# SPEL EN BORG

***Ons het nog net 'n klein rukkie, dan is die "SPELDAG"***
***Vrydag, 7 Mei 2021***

***Die speltoets word geskryf en deur jou juffrou gemerk.***

***Nou..... Waarvoor ALMAL WAG!!!!!***

***VERRASSING 2***

***Die leerling wat in die Junior fase (Gr 1 tot 3 en SPO) en die Senior fase (Gr 4 tot 7) die grootste donasie inbetaal mag saam met Me Lourens gaan fliek in skooltyd.....Wat 'n voorreg!!!!! Lekker leer!!!!!***

## ADVERTENSIEBORDE - ME LOURENS

Ons het weer advertensieborde beskikbaar by ons skool (Finchstraat) teen R3000 per jaar (3 m x 1 m) of R1 500 (1,5 m x 1 m). Kontak Me Lourens op 082 785 2953 indien u belangstel om u maatskappy te bemark.

Ons doen 'n beroep op ouers wat maatskappye het, om ons te ondersteun.

## NETBAL - ME LE ROUX

### Netbaloefening

Daar is elke Dinsdag en Donderdag 13:45 tot 14:30 netbaloefening vir die o/9 tot o/13 dogters op die netbalbane.

Dogters moet gemaklik geklee wees en asseblief met seilskoene kom oefen. Elke dogter moet ook asseblief sorg vir haar eie waterbottel (Geen bottels mag gedeel word nie)

### Netbal Dorpsproewe O/12 en O/13

Baie sterkte aan die O/12 en O/13 dogters wat ons skool op Dinsdag 13 April en Woensdag 14 April gaan verteenwoordig in die Boksburg Dorpsproewe. (Inligting met die proewe se besonderhede is reeds aan die gekose dogters deurgegee)

Indien dogters deurdring na D16 Proewe vind plaas op Donderdag 15 April te Colin Mann Primary.

Baie sterkte en hou ons skool se naam hoog!

#elsienetbal #elsietrots

## BOOGSKIET - ME JACOBS

Ons wil graag nog 2 punte in stuur vir die virtuele kompetisie voor die skool sluit. Ons gaan dus Saterdag, 17 April en 24 April Virtuele kompetisies hou. Die kostes is R50 per kompetisie.

Bespreek jou vlug d.m.v. 'n Whatsapp boodskap aan Me Jacobs (082 458 4307) en stuur bewys van betaling na marna@elsies.co.za

| Vlugtye: | | Meld aan: |
|---|---|---|
| 1ste | 08:00 - 09:00 | 07:45 |
| 2de | 09:00 - 10:00 | 08:45 |
| 3de | 10:00 - 11:00 | 09:45 |
| 4de | 11:00 - 12:00 | 10:45 |
| 5de | 12:00 - 13:00 | 11:45 |
| 6de | 13:00 - 14:00 | 12:45 |
| 7de | 14:00 - 15:00 | 13:45 |

Sluitingsdatum vir inskrywings is 15 April 2021.

Belangrike datums om te onthou:

22 Mei
24 Julie
25 Augustus
27 November

Meer inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.

## KOPLUISE - MNR PRETORIUS

Kopluise is iets wat elke mens kan tref. Dit het onder ons aandag gekom dat daar weer heelwat "besoekers" op ons leerlinge se koppe is. Ons versoek ons ouers vriendelik om asb. u kind se hare te ondersoek en die nodige stappe te neem om hierdie uitbreek te bekamp.

Die apteker Carica le Grange van Worcester gee raad:
Die eerste ding wat jy moet weet, sê Carica, is dat kopluise niks met higiëne te doen het nie. "Kopluise hou glad nie verband met swak higiëne nie. Inteendeel, hulle verkies skoon hare. Hulle kan nie spring nie, en word slegs oorgedra deur fisieke kontak."

**Behandel dit**
Klere en beddegoed moet in baie warm water gewas word en dan in die son uitgehang word of in die tuimeldroër gesit word. Die addisionele hitte help verder om die luise dood te maak. "Almal en alles in die huis moet behandel word. Die matrasse en die matte kan ook met 'n geregistreerde gifdoder vir luise gespuit word."

Daar is verskeie produkte wat kan help met luise, en deesdae word daar ál meer wegbeweeg van gifstowwe, en eerder gesteun op natuurlike produkte soos "Tea Tree Oil", want dit is onskadelik as dit deur die vel opgeneem word.

"Permethrin is baie gewild omdat sy toksisiteit baie laag is; absorpsie deur die vel is ook laag. Die 1-persent-oplossing kan vir kinders bo 6 maande gebruik word," sê sy. "Produkte wat teeboomolie bevat, is ook doeltreffend. Vir voorkoming kan dit by sjampoe gevoeg word - die luise hou nie van die reuk nie. Jy kan ook natuurlike produkte gebruik wat klapper-, anys- en ylang-ylang-olies bevat vir voorkoming en behandeling. Maak seker jy was borsels en kamme met baie warm water ná gebruik, anders kan besmetting weer plaasvind."

Raadpleeg onmiddellik 'n dokter as die besmetting van so 'n aard is dat die limfkliere in die nek geswel is, hoofpyn of koors voorkom.

**Boererate**
"Daar is baie boererate, en elkeen het sy eie manier om van luise ontslae te raak. Die algemeenste boererate is mengsels van asyn (wit of bruin) met klapper- of olyfolie. Die hare kan eers met asyn gespoel word voor dit met luissjampoe behandel word; dit maak die doppies van die neute sag. Party mense smeer mayonnaise aan en bedek dan die hare met plastiek. Dit versmoor die luise,"

Nog 'n natuurlike manier om dit te beheer is om ongeveer 3 weke elke derde dag jou hare met 'n luiskam (enige kam wat baie fyn tande het) deur te borsel. "Gebruik gewone sjampoe en opknapper en kam dan die hare van die wortels tot by die punte met stadige, egalige hale."

**Voorkom dat dit versprei**
Jy kan die volgende maatreëls volg om te keer dat jy of jou kinders luise kry.

- Moenie dat kinders hoede, serpe, borsels, kussings en sagte speelgoed met maats by die skool deel as jy dink daar is luise in die omtrek nie.
- Stel onmiddellik die skool of dagsorg in kennis as jy luise op jou kind se kop kry. As jy meer as een kind het en hulle is in verskillende skole, laat albei skole weet.
- **Hou jou kind by die huis tot die luise heeltemal opgeklaar is.**

## DISSIPLINE - MNR MULLER

'N SUPER ELSIE:

- Sê altyd asseblief en dankie.
- Toon respek teenoor sy/haar maats en onderwysers.
- Sorg dat hy/sy altyd netjies lyk gedurende skooltyd en op wedstryddae.
- Seun sorg dat sy hare kort en netjies is. Geen style.
- Dogter sorg dat haar hare netjies is en die korrekte haarbykomstighede in het.
- Hou die skool netjies en skoon, dis is ons almal se skool.
- Groet enige persoon op die terrein. Dit is net goeie maniere.
- Dra op 'n Vrydag die korrekte blou kort broek en haar/sy wit LO hempie.

- Werk saam in die klas deur te luister as jou onderwyser vir hom/haar 'n opdrag gee.
- Respekteer maats en personeel en vloek, skreeu en slaan nooit nie.

## OPVOEDING - ME GROBLER

### *KUBERVEILIGHEID*

Tegnologie is 'n wonderlike ding, maar met soveel internettrolle en moontlike gevare aanlyn, kweek dit vrees onder ouers. Hierdie vrees kan baie maklik in histerie oorgaan, daarteen moet ons waak! Die eerste natuurlike reaksie is om paniekerig te raak en summier jou kind te belet om hul tegnologie te gebruik. Daar is egter 'n beter manier wat jou toelaat om nie jou kind van tegnologie te ontneem nie!

Volg die maklike riglyne:

- Hou jou kind se foon en tablet dop en monitor die gebruik van tegnologie. Kinders is nog in die proses om die vaardighede te kweek om tussen fopnuus en waarheid te onderskei. Hulle moet leiding kry om inligting waarmee hulle kennismaak, te bevraagteken. Kinders leer makliker om onwaarhede te bevraagteken wanneer hul ouers kalm bly en as 'n voorbeeld optree.
- Kinders is nog in die proses om verantwoordelikheid te leer en as gevolg van kinderlike nuuskierigheid, sal hulle maklik op verkeerde skakels kan ingaan. Jy as ouer het die reg en die verantwoordelikheid om jou kind se tegnologie te monitor.
- Die soekgeskiedenis kan oopgemaak word om uit te vind waar jou kind aanlyn kuier. Indien jou kind se soekgeskiedenis elke keer uitgevee is wanneer jy kyk, vra waarom? 'n Uitgewiste soekgeskiedenis kan dalk wys jou kind kuier op plekke wat hulle weet onvanpas is.
- Toepassings wat nie daar hoort nie moet daagliks verwyder word.
- Blok sekere webtuistes sodat jou kind nie totale toegang het nie, maar slegs gedeeltelike toegang.
- Behou goeie kommunikasie met jou kind, sodat hulle die vrymoedigheid het om vir jou te kom vra of sê wanneer hulle op iets vreemds aanlyn afgekom het.
- Bou jou kind se vertroue op om hulself te beskerm teen aanlyn negatiwiteit, in plaas daarvan om vrees by hulle te kweek.

Op die ou einde van die dag, beheer ONS tegnologie, en nie anders om nie. Sodra ons toelaat dat tegnologie ons beheer, word onnodige histerie gesaai wat lag-lag vermy kon word. So, ouer, neem beheer. JY KAN!

-Bron: Netwerk24

## DANKBAARHEID

- Dankie aan ons Hemelse Vader wat altyd Sy beskermende Hand oor ons skool hou en ons so ryklik seën.
- Baie dankie aan ons positiewe ouergemeenskap, wees verseker ons waardeer u.

Job 8:20

God verwerp nooit die opregte nie en staan ook nie dié by wat onreg doen nie.

Elsiegroete

W.F GERICKE
SKOOLHOOF

*Geloof ·Hoop·Liefde*

**JAARTEMAS:**
ONS BEWAAR (2010)
EENHEID MAAK MAG (2011)
TEMPO-ONDERWYS MAAK N VERSKIL (2012)
KOM GROEI SAAM (2013)
AKADEMIE IS NO. 1! (2014)
E-LEARNING@ELSIES! (2015)
VERNUWING BRING VOORSPOED (2016)
WERKSETIEK EN HOË STANDAARDE (2017)
AANSPREEKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID (2018)
VINDINGRYKHEID (2019)
SKOOLDISSIPLINE SKEP 'n GOEIE LEEROMGEWING (2020)
GELOOF, HOOP, LIEFDE (2021)
www.laerskoolelspark.co.za

| PERSONEEL E-POS ADRESSE | |
|---|---|
| **Skoolbestuur** | **E-pos adres** |
| Fred Gericke (Skoolhoof) | hoof@lselspark.co.za |
| Riaan Pretorius (Adjunkhoof) | riaan@lselspark.co.za |
| Hendrik Denner (Adjunkhoof) | hendrik@lselspark.co.za |
| Elna McKenzie (Departementshoof) | elna@elsies.co.za |
| Helene Grobler (Departementshoof) | helene@elsies.co.za |
| Ian Muller (Departementshoof) | ian@elsies.co.za |
| Zinetta Britz (Departementshoof) | zinetta@elsies.co.za |
| Elsa van Staden (Departementshoof) | elsa@elsies.co.za |
| Alta Du Toit (Departementshoof) | alta@elsies.co.za |
| **Onderwysers** | **E-pos adres** |
| Alicia Serfontein | alicia@elsies.co.za |
| Anina Buys | anina@elsies.co.za |
| Bianca J.v Rensburg | bianca@elsies.co.za |
| Bonita Nell | bonita@elsies.co.za |
| Bronwyn Jacobs | bronwyn@elsies.com |
| Carena Delport | carena@elsies.co.za |
| Chantelle Badenhorst | chantelle@elsies.co.za |
| Celeste Komen | celeste@elsies.co.za |
| Christa van der Merwe | christa@elsies.co.za |
| Dawie Le Roux | dawie@elsies.co.za |
| Demi Fourie | demi@elsies.co.za |
| Elsabe Visser | visser@elsies.co.za |
| Erna Terblanche | erna@elsies.co.za |
| Elmien van Staden | elmien@elsies.co.za |
| Esca Erasmus | esca@elsies.co.za |
| Francisca Viljoen | fransisca@elsies.co.za |

| | |
|---|---|
| Hennie Engelbrecht | hennie@elsies.co.za |
| Helen Cupido | helen@elsies.co.za |
| Jody Laubcher | jody@elsies.co.za |
| Jolida Botha | jolida@elsies.co.za |
| Kylin Le Roux | kylin@elsies.co.za |
| Lelani Vos | lelani@elsies.co.za |
| Liz-Marie Nel | liz-marie@elsies.co.za |
| Lynette Labuschagne | lynette@elsies.co.za |
| Madelyn Stoman | madelyn@elsies.co.za |
| Magda Swart | magda@elsies.co.za |
| Marinda Lourens | marinda@elsies.co.za |
| Marli Novellie | marli@elsies.co.za |
| Marna Jacobs | marna@elsies.co.za |
| Melissa Wait | melissa@elsies.co.za |
| Monica Le Roux | monica@elsies.co.za |
| Morne Badenhorst | morne@elsies.co.za |
| Monya Fritz | monya@elsies.co.za |
| Nicole Barnard | nicole@elsies.co.za |
| Nicole Erasmus | nicoles@elsies.co.za |
| PJ Muller | pj@elsies.co.za |
| Rozelle van Dyk | rozelle@elsies.co.za |
| Sanet Du Toit | sanet@elsies.co.za |
| Simone Burger | simone@elsies.co.za |
| Steven Venter | steven@elsies.co.za |
| Suzette Walters | suzette@elsies.co.za |
| Tania Mitton | tania@elsies.co.za |
| Tyala Grobler | tayla@elsies.co.za |
| Tonya Botha | tonya@elsies.co.za |
| Tuanette Botha | tuanette@elsies.co.za |
| Werner Serfontein | werner@elsies.co.za |
| Zelda Fanoe | zelda@elsies.co.za |

| | |
|---|---|
| Zelnerie Badenhorst | zelnerie@elsies.co.za |
| Zoricke Snyman | zoricke@elsies.co.za |
| Kantoorpersoneel | E-pos adres |
| Riekie Wessels (Finansies Hoof) | riekie@lselspark.co.za |
| Sonja Fourie (Finansies klerk) | sonja@lselspark.co.za |
| Judith van Zyl (Sekretaresse : Skoolhoof) | judith@lselspark.co.za |
| Marinda Smit (Sekretaresse) | marinda@lselspark.co.za |
| Melinda van Wyngaard (Admin/Navrae klerk) | melinda@lselspark.co.za |
| Linda Cook (Onvangs/Navrae klerk) | linda@elsies.co.za |
| Louis van Rooyen (IT – Tegniese bystand) | louis@lselspark.co.za |